

## BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

JÖRG FISCH

*Geschichte Südafrikas*

Deutsche Taschenbuch Verlag

1990

424 pp.

DM19,80 (eksklusief)

Jörg Fisch, die drie en veertigjarige Switserse historikus, het in Bielefeld onder leiding van prof. R. Koselleck gepromoveer, eers aan die Universiteit Bielefeld en toe in Mainz gedoseer, voordat hy in 1988 professor in die algemene nuwe geskiedenis aan die Universiteit Zürich geword het. Dit was in opvolging van die bekende prof. R. von Albertini, wat hom ook met koloniale geskiedenis besig gehou het. Fisch het belangrike publikasies op genoemde terrein tot sy krediet, nl. *Krieg und Frieden im Friedensvertrag* (1979), *Die europäische Expansion und das Völkerrecht* (1984) en *Hollands Ruhm in Asien* (1986). In laasgenoemde twee boeke het hy onder meer na die Kaapkolonie en die twee Boererrepublieke verwys; dit na aanleiding van sy studie oor die Europese uitbreiding en die volkereg vanaf die 15de eeu tot met dekolonisasie, waarin die gronde vir die status en volkereglike aansprake op oorsese besittinge deur die Westerse moondhede, ondersoek is. Fisch is nie net historikus nie, maar ook geleerde in die volkereg. Sy studie het hom verplig om Nederlands te leer en sy kennis van dié taal het hom gehelp om Afrikaans te leer lees en praat, wat deur twee besoeke aan die R.S.A. bevorder is.

Dat Fisch Suid-Afrika tot studieveld gekies het, vloei voort uit sy belangstelling in die koloniale tydperk, die proses van dekolonisasie en die ontstaan van die Derde Wêreldlande. Sy boek oor die geskiedenis van Suid-Afrika is om twee redes 'n historiografiese gebeurtenis, eerstens omdat algemene geskiedenis oor Suid-Afrika wat sedert die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland gepubliseer is, soos byvoorbeeld Oscar Hintz se *Geschichte von Südafrika* (1952) en Harald Bilger se *Südafrika in Geschichte und Gegenwart* (1976), verouderd is, en tweedens omdat die talle populêre boeke oor die geskiedenis van Suid-Afrika in Duits meestal deur die A.N.C. se sosialistiese en linkse ideologie, op 'n skeefgetrekte en propagandistiese beeld van geskiedenispolitiek berus, wat wetenskaplike kennis oor Suid-Afrika sodanig vermink het dat dit die waarheid geweld aandoen en nie as basis vir akademiese studie kan dien nie.

Met Fisch se boek het ons 'n kernagtige, wetenskaplik opgestelde geskiedenis wat op denkende deurdringing van en oordeelsvorming oor die werklike feite berus. Kyk 'n mens na sy bronne en literatuur (pp. 371-384), staan jy verbaas oor sy belesenheid. Anders as by die Amerikaners, Britte of sommige Suid-Afrikaanse Engelstaliges (byvoorbeeld die *Readers' Digest se Illustrated History . . . The Real Story*, 1988) wat in boeke oor Suid-Afrika slegs op Engelse publikasies steun, sluit Fisch se werk talle boeke en bronne in Afrikaans in, op grond waarvan hy tot 'n ewewigtige oordeel kon geraak. Na die lees van sy boek is dit my mening dat ons te doen het met 'n uiters intelligente, regverdige en onpartydige historikus van formaat, van wie ons in die toekoms nog dikwels gaan hoor. Dit is 'n gelukkige stand van sake dat 'n wetenskaplike van sy statuur hom met die Suid-Afrikaanse geskiedenis bemoei het. Die boek het in Maart 1990 verskyn en sluit af by die einde van 1989, waardeer die dramatiese ontwikkelinge sedert 2 Februarie 1990, naamlik die ontperking en wettiging van die A.N.C. en die vrylating van Mandela, nie ingesluit kon word nie. Dit doen nie afbreuk aan die aktualiteit daarvan nie. Deur sy diepte-ondersoek het Fisch op bladsye 362-370 'n vooruitskouing (*Ausblick*) gewaag, wat die huidige gebeurtenisse goed voorspel het. Dit getuig van grondige studie en insig.

Een ding staan vas, en dit is dat daar vandag in die wêreldpolitiek weinig temas betaan wat so emosioneel gelaai is soos Suid-Afrika se apartheidspolitiek sedert 1948 (pp. 9, 234 en 355). Fisch se uitgangspunt is dat wie die huidige Suid-Afrika wil verstaan, sy geskiedenis moet bestudeer. Van die begin tot die hede was dit 'n aanhoudende magstryd tussen wit en swart en swart en wit, wat ingewikkelder geword het deur die onderlinge stryd tussen die blankes self. Hy toon aan hoe, deur konflik en samewerking, 'n uiters ongelyke, maar tegelyk 'n feitlik onontwarbare rassasamelewing ontstaan het. Ons het te doen met 'n historikus wat geskool is in die moderne tipe geskiedskrywing – die historiese sosiale wetenskap – en wat om dié rede nie bloot 'n relaas van politieke gebeurtenisse aanbied nie. Staatkundige, ekonomiese en sosiale strukture en prosesse word sodanig geïntegreer dat ons telkens 'n veranderende beeld van die samelewing as geheel te sien kry. Dit berus op verantwoordende en verantwoordelike historiese oordele van 'n geskiedkundige wat die verhaal stap vir stap tematies, maar volgens 'n chronologiese patroon, in eie bewoording ontvou. Fisch het nie net tradisionele bronne gebruik nie, maar hom deeglik vergewis van die heel jongste historiese bevindinge, ook deur radikale geskiedkundiges, wat aan sy boek 'n moderne aansyn gee, vergelykbaar met byvoorbeeld H.J. van Aswegen se algemene Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 1852, wat in 1989 verskyn het.

Fisch weet dat tot in die sestigerjare die blankes in die middelpunt van die geskiedskrywing van Suid-Afrika gestaan het, maar dat die wêreld sy belangstelling vandag rig op Suid-Afrika as rassesamelewing (nie 'n swart samelewing nie), wat hom daartoe gelei het om op die ontstaan en ontwikkeling daarvan in te gaan. Hy begin sy boek met die geografiese grondslag (bou, bodem, klimaat) en gaan dan oor om die vroeë besetting deur jagters, versamelaars en veeherders te behandel, waarna die vorming van die swart staatswese en die inheemse se politieke, ekonomiese en sosiale stelsels en verhoudinge aan die beurt kom. Hy gee toe dat hy by die afwesigheid van geskrewe bronne hieroor soms op onsekere grond beweeg. Hierna volg die vierde hoofstuk, naamlik die kolonie van die Kompanjie (1652-1795), wat as totaliteit behandel word en waarin die rassasameling sy grondslag gevind het. Hoofstuk 5 handel oor die intog van die Britte en die uittog van die Boere (1795-1836), waarop, in hoofstuk 6, die rewolusionering van die binneland deur sowel swartes as blankes (1820/1836-1867) beskryf word. Hoofstuk 7 is gewy aan die uitwerking van die diamant- en goudontdekking en die vestiging tussen 1867 en 1899 van wit heerskappy waarin die arbeidsvraagstuk 'n rol gespeel het. Hoofstuk 8 gaan oor die stryd tussen Boer en Brit om opperheerskappy tussen die jare 1899-1910. Hoofstuk 9 ontleed die veranderinge in die nuwe staat van 1910 tot 1948, wat strek vanaf die eenwording van Suid-Afrika tot die vereniging van Afrikaners, waarin 'n rasse-ordering sy beslag gevind het. Die slothoofstuk, 1948 tot hede, is 'n bondige analise van die Apartheidstaat. Daarin word die arbeidswêreld en die grondstrukture van die rassesamelewing ondersoek.

Fisch toon aan dat Suid-Afrika die enigste land ter wêreld is met 'n omvattende stelsel van wetlik verankerde rassediskriminasie. Soos in die geval van Hagemann in sy *Südafrika und das Dritte Reich* sê ook Fisch dat Apartheid nie die gevolg van Nasionaal-Sosialistiese beïnvloeding is nie (pp. 272-273 en 288), maar dat dit voortgespruit het uit 'n historiese verskynsel, naamlik vrees van 'n blanke minderheid vir verswelging deur 'n swart meerderheid, waaraan Engelstaliges 'n ewe groot aandeel as Afrikaners het. Ook nie die grondwet van 1983 kan uit rassisme verklaar word nie (p. 348). Hy belig die oorspronge van Afrikaner- en swart nasionalisme en verklaar die oorwinning van 1948 as 'n kombinasie van volks-, taal- en geskiedenisverbondenheid waarby 'n materiële doelstelling gekom het. Die ingewikkelde verhoudingsgeskiedenis tussen swart en wit word met die detailkennis en empatie van 'n gesoute vakman beskryf.

Besonder aktueel is Fisch se analise van die tydperk ná 1948, waarin veranderende tydsomstandighede 'n oorgang van die ortodokse na neo-Apartheid genoodsaak het. Syns insiens was die Sowetopstand 'n keerpunt, wat die N.P.-regering die land nie meer bloot as 'n rassesamelewing laat sien het nie, maar ook as 'n klassesamelewing. Wat vroeër as 'n gevaar beskou is, was toe toelaatbaar, naamlik om bondgenote oor die taal- en kleurgrens te werf. Dit was wesenlik 'n prysgawe van die onderste lae van die tradisionalistiese Afrikanerdom, waaruit die skeuring van 1982 verklaarbaar word. Die markgerigte ekonomie wat swart en wit in 'n simbiotiese verhouding verenig het, was die achilleshiel van rasseskieding.

Dit is vir Fisch duidelik dat die dekoloniseringsmodel nie vir die R.S.A. kan geld nie omdat die blankes 'n bevolkingsgroep is wat in die land veranker is. In teëstelling met ander Afrikastate, het die versetbeweging geen magsoorgawe kon afdwing nie en is onderhandeling oor swart deelname die enigste uitweg na 'n nuwe bestel. Die sleutel tot die politieke mag lê in die kontrole van die ekonomie. Wat die Apartheidstelsel onstabiel gemaak het, is die feit dat sy politieke en ekonomiese funksies mekaar nie soos vroeër wedersydse versterk het nie.

Fisch kyk na die verlede met die oog op wat ná 1948 tot die hede gebeur het en verklaar die Apartheidstelsel uit historiese kondisionering, Afrikanerisolasië, geringe getalle teenoor meerderhede, en die historiese Boer-Britteëstelling. Vir hom gaan dit om begrip en nie om veroordeling nie.

Kaarte, tabelle, 'n register en boeklyste by elke hoofstuk vir verdere leeswerk, verhoog die naslaanwaarde van die boek wat 'n nuttige wegwysers is vir die leser om tot begrip van die huidige Suid-Afrika en sy historiese ontwikkeling te kom.

F.A. VAN JAARSVELD

MARGARET YOUNG (ed.)

*The reminiscences of Amelia de Henningsen (Notre Mère)*

Cape Town: Maskew Miller Longman

1989

341 pp.

R47,38 (exclusive)

The *Graham's Town Series* is a group of publications which "aims to present, in a series of scholarly editions, diaries, collections of letters and other material relating to the Eastern Cape in the nineteenth

century." Its first nine volumes have already proved its historical value beyond a doubt. The tenth volume, *The reminiscences of Amelia de Henningsen (Notre Mère)*, is no exception to the rule.

As the title suggests, Amelia de Henningsen is the key-figure in this work. She was not only an observant resident of Grahamstown, but also played a leading role in the establishment of the Roman Catholic faith and education in the Eastern Vicariate of the Cape of Good Hope. As the editor, Margaret Young, states in the Preface, the Memoirs emphasise Amelia's achievements, rather than her spiritual growth. This is very fortunate for the historian who will be able to gather a wealth of information from this publication.

Josephine Amelia de Henningsen was born on 22 March 1822 in Brussels. Her parents were of aristocratic descent and she grew up against a very privileged background. In 1830 the Belgian Revolt forced the De Henningsens to leave the country. They settled in England where Amelia met some of Europe's foremost families. She was a bright and talented girl who frequented Drury Lane Theatre and Covent Garden. She was even one of the first two females who went down in a newly invented diving bell!

Amid her full social schedule, Amelia still had time to consider her spiritual life. At the age of fourteen she decided to accept the Roman Catholic faith. It was, in her opinion, "by far the noblest, purest and most self sacrificing" (p. 98) of all religions. When her mother died in 1842, Amelia was inconsolable. She consequently decided to become a postulant in the Convent of the Assumption in Paris. Her father tried his best to dissuade her, but Amelia's mind was made up. She wanted to do missionary work and when asked to lead a group of Sisters in establishing a boarding school and a free school in Grahamstown, she accepted the challenge. In August 1849, Amelia left with six fellow Sisters for the Cape. The voyage was perilous, but all arrived safely. Amid opposition from the Protestant inhabitants of Grahamstown, both the pay and free schools flourished.

One of the Sisters left the Convent in January 1850 and the nuns were faced with a desperate shortage of teachers, books and money. Overseas aid did not come readily. The Sisters' days usually started at four in the morning and ended at midnight. The Eight Frontier War (1850-1853) increased their workload. The injured had to be nursed, the dead had to be attended to and an orphanage had to be established. The important role which the Sisters played during this period finally ended the prejudice against them. Unfortunately the Mother House in Paris at that time broke its bond with the Sisters, mainly because it did not have the means to support them any more. In spite of all the set-backs, the Convent went from strength to strength.

Under Amelia's leadership, the Sisters collected funds for Grahamstown's first hospital, a quality educational institution for Catholic boys, and a seminary for the training of priests at the Cape. Newly arrived European priests and Sisters were assisted in every possible way. They received Amelia's endless spiritual and financial support. No wonder she was known as *Notre Mère* (Our Mother). She was described as the woman with "a heart large enough to embrace the whole world" (p. 71).

The schools under her direct supervision obtained excellent academic reputations. When Amelia lay down her position as Mother Superior of the Convent in 1898, she could look back on a fruitful career. In 1896 she tried to re-unite the Convent with the Mother House in Paris, but finally realised that it was impossible. She returned to Grahamstown and remained the advisor and inspiration of her successors up to her death on 29 October 1904.

Although she was a strict disciplinarian, *Notre Mère* also had a keen sense of humour and compassion for all mankind. Protestants and Catholics all had to admit that her death was a great loss for Grahamstown's community.

The editor of this publication, Margaret Young, has herself been a member of the Congregation of the Missionary Sisters of the Assumption since 1932. She did extensive research for her thesis on *Notre Mère*, even travelling to France and Rome in her quest for primary sources. In 1984 she received a M.A. degree for her work.

In the Introduction, Young dexterously paints *Notre Mère's* biography against the background of historical events of her time. Where parts of the Memoirs were lost, Young gathered the information from other sources. Unfortunately Young falls victim to repetition in this section. Although she tries to treat her subject objectively, she also cannot escape from the restriction of her own convictions, for example on pages 45 and 56. This, however, does not eclipse the high scientific standard of the publication.

The second part of the book comprises of *Notre Mère's* autobiographical Memoirs. They are not only a treasure-chest of ecclesiastical information, but a fascinating account of historical events of which *Notre Mère* was a witness herself. She also added interesting bits of cultural history, for example how she painted the church windows (p. 134) or how the Sisters tried to make candles and bread, sometimes with disastrous results (p. 139)! She even described the adventures of a postulant who climbed into a tree, believing that she could fly (p. 142). Throughout her Memoirs, *Notre Mère* remained to be cheerful in spite of all the hardships she had endured.

The publication concludes with Young's concise biographies of the main characters *Notre Mère* men-

tioned as well as the appendices containing correspondence and journalistic extracts which supplies additional information to the Memoirs. A very useful alphabetical list of ecclesiastical terms are included – a boon for the non-Catholic reader. The book is also furnished with a complete table of contents and extensive index. It contains five aptly chosen illustrations and, like the other volumes in the *Graham's Town Series*, is bound in a durable hard cover.

Very little has been published about the Roman Catholic Church's contribution to South African culture and history. *The reminiscences of Amelia de Henningsen (Notre Mère)* not only helps to bridge this gap, but is also captivating reading matter which can be recommended to lovers of biographies and general history alike.

ALANA BAILEY

*National Cultural History Museum, Pretoria*

KAREL SCHOEMAN (ed.)

*The early days of the Orange Free State: Charles Warden; W.D. Savage; Martha Jane Kirk*  
Cape Town/Pretoria: Human and Rousseau

1989

111 pp.

R29,95 (exclusive)

This tenth publication in the *Vrijstata* series once more demonstrates the dedication and drive of Karel Schoeman. The manner in which he has delved for forgotten texts of yesteryear and prepared them for publication, bears witness to a professional approach which may serve as an incentive and model for prospective editors.

The theme of his latest source publication, as indicated in the title, is the pioneering days of the present Orange Free State. They are portrayed by people who were part of these formative years. Through their recollections the reader shares in the weal and woe of Charles Frederick Warden, William Douglas Savage and Martha Jane Kirk. Of the three, Warden definitely comes from the best-known family: his father was Maj. Henry Douglas Warden, British resident of the then Orange River Sovereignty and founder of Bloemfontein. Only about 44 years after his experiences Charles Warden presented them in the form of a lecture. These reminiscences were published in an 1899 edition of the *Harrismith News*.

Savage's memoirs cover the period 1853–1858 and include, among others, his part in the Eighth Frontier War (1850–1852) and the First Basuto War (1858), as well as his career as a shop assistant, bookkeeper and town clerk of Bloemfontein. His 'Reminiscences of early days' were first published in *De Express* during October 1885. Thus almost 30 years had elapsed before he had recorded his experiences.

The final and also the most comprehensive contribution is that of M.J. Kirk. Her recollections, which had been written at the advanced age of 83, are more personal and intimate than were those of Warden and Savage. She describes her youth and nomadic existence in the Eastern Cape and later in the Free State (1848–1884) with warmth and sincerity, something with which readers can easily identify. Her communications about the Basuto chief Moshweshwe and the turbulent war years in the Conquered Territory, are particularly gripping.

Although these recollections supplement one another fairly well and place the Free State's past in a very readable social context, there may be some misgivings about their value and reliability. In each instance some time had elapsed between the contemporary experience of those concerned and this being recorded. It is to be expected that sketchiness, inaccuracies and speculation will be quite general in each of the accounts. In this respect the editor's explanatory notes provide greater perspective. However, it is regrettable that in Warden's recollections the published memoirs of his elder brother, George Horatio Warden (*Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein* 5(6), October 1985), were not consulted. That also applies to the two biographies on Moshweshwe (by P. Sanders and L. Thompson), which could have provided important background.

Broadly speaking this publication is a welcome and valuable addition to the *Vrijstata* series. It provides some new information, at the same time representing the experience of ordinary people. In fact, for local, regional and cultural historians it depicts the spirit and atmosphere of the time. The editor, publisher and sponsorship of the Standard Bank deserve the appreciation of every interested Free Stater and South African.

C.C. ELOFF

*Human Sciences Research Council*

PIET BEUKES

*The Holistic Smuts: A study in personality*

Cape Town/Pretoria: Human and Rousseau

1989

224 pp.

R39,99 (exclusive)

The purpose of Piet Beukes's book on Smuts is "to lay the basis of the inquiry into his inner mind in an attempt to reconstruct the living Personality which was his, and which through his works and writings will always be a gift to all mankind" (p. 28). This is a formidable task that he sets himself and therefore, before he begins, he confesses to what he knows every critic will say: "The task of fully evaluating Smuts in all aspects of his long and varied life waits a mightier pen. But I feel that I can meanwhile point the way which he himself so clearly indicated, but which so far has been neglected or not grasped by his biographers" (p. 28).

Beukes sets himself the task of proving that for Smuts "religion was the main formative power in his life" (p. 56), thus refuting the popular belief that because Smuts held holistic views and accepted the evolution hypothesis, this implied a denial of creation and therefore a denial of God. "Although no formal regular churchgoer or even a dogmatic believer, judging by his many letters and utterances, religion was never absent from his mind and as the years passed his interest in the Personality and the Divine nature of Jesus grew until in the end the Son of Man became to him the embodiment, the personification of that final fulfilment and sublime achievement which he saw as the ideal and summit of the human personality in all its glory and potentiality" (p. 43). Beukes succeeds in showing that Smuts was indeed intensely interested in religion and his claims are substantiated by evidence provided by Smuts letters to friends over the years. However, the book lacks an in depth analysis and evaluation of the content of Smuts's beliefs, especially as regards his views on the divinity of Christ and his concept of God.

In the "Introduction" Beukes correctly points out that Smuts's personality, ideas and work have to be judged on the basis of the new discipline, Personology, which Smuts claimed to have originated – "a new borderline science lying somewhere between experimental science and philosophy" (p. 16).

The book is divided into four parts. In Part One [Qualities] there are chapters on Smuts's family background and education, his religion, influence of poets and scientists, Louis Botha's humanity, Margaret Clark and the Quakers, and the holistic man. The formative years in the life of the colourful Smuts are discussed with warmth and compassion. Beukes regards Smuts as a genius, a man with remarkable spiritual insight, a truly remarkable intellect. Smuts had "a curious and rarer quality of seeing into the very heart of a subject, coupled with the further and still rarer quality, in combination with the foregoing, of being able to state clearly what he had seen" (p. 36). The flaws in Smuts's character are also pointed out, however, overconfidence, conceit, arrogance, impatience and contemptuousness of lesser men.

Smuts was influenced by many important writers – the Greek philosophers, Shelley, Whitman, Shakespeare, Carlyle, Goethe, Kant, Schiller, Darwin, Spencer, etc. Yet, according to Beukes there is no evidence of a single writer or scientist who entirely dominated his thinking (p. 56).

In an interesting chapter on "Margaret Clark and the Quakers", Beukes claims that the latter were the cause of "the great change in his life (p. 73) and as so often happens, the story of this great moment in his life was kept a secret, never before revealed. I am happy to be able to tell it here" (p. 74).

Smuts's relation with a number of people are discussed, such as Louis Botha, Kolbe and some of the local and overseas politicians of the time. In Part Two (Philosophy) Beukes mostly offers an analysis of Smuts's main work, *Holism and Evolution*. The chapters in this section comprise the background to his ideas: holism and evolution, freedom, and personality. Part Three (Statecraft) addresses topics such as the Union of South Africa, the United States of Southern Africa, the Commonwealth and International Organizations (The League of Nations and The United Nations). "I have become convinced that 'trust' is the golden thread which runs through all his actions" (p. 143). Although Beukes is sympathetic towards Smuts throughout – at times he often criticizes Smuts for ignoring "the fate of millions of fellow human beings of different colour" (p. 69). Beukes states: "This was perhaps the greatest tragedy in his life that he could not solve the most important and most difficult problem of his own country and his own time, the racial division between Black and White . . . His inability to solve this problem in his own lifetime in his beloved South Africa and the legacy of neglect and insensitiveness to the pain and humiliation which this brought about, hit his country and his people like a tornado in the period after his death" (p. 156).

Hancock in his well-known biography of Smuts has rejected the notion that Smuts in his practical politics and wider statecraft sought to implement the idea of holism. Beukes claims the opposite. Part Four is an evaluation of Smuts. Smuts's flaws are discussed against the background of letters he wrote to Lady Moore and Queen Frederica. The final chapter in the book deals with the Smuts legacy – holism, human rights, religion, etc.

It is inevitable that a book of this nature about a man as multifaceted as Smuts should have shortcomings. None of the many existing biographies has had the final say and Beukes's criticism of the Hancock biography – that “it suffers from a lack of insight into the real Smuts” (p. 24) – in a sense also applies to his own book. I suspect that the “real” Smuts lies even deeper than Beukes has delved.

A few final points: it would be interesting to compare Smuts's view of person and personality with Kierkegaard's concept of genius. It should also be noted that the philosophical trend *Personalism*, which had its roots in America (the journal of *Personalist* was established in 1919) and France (Emmanuel Mounier, Jacques Maritain, Denis de Rougemont), and was made popular in The Netherlands by writers such as Ph. Kohnstamm, show affinities with the work that Smuts had done. An important point which Beukes does not exploit is the fact that Smuts as an evolutionist and holist was in his time severely criticised by South African Calvinists. They were staunch fundamentalists steeped in conservative dogmatism which had its roots in Dutch Theology. The question is not whether Smuts was religious or not, but whether his *type* of religiosity is at all Christian. During his lifetime his fundamentalist critics rejected his religiosity as being pantheistic, unconventional and unacceptable – even anti-Christian. Evaluating and judging Smuts's religiosity from a contemporary point of view is a different matter. His holism and views on religion would in today's context not cause concern or invite rejection. However, the book lacks an *in depth* analysis and evaluation of the content of Smuts's religious beliefs, especially as regards his views on the divinity of Christ and his concept of God. There are many questions about his views on religion that remain unanswered. What *type* of religion did he prefer? Did Smuts use scripture to validate his holism? What was his concept of God? If he accepted the divinity of Jesus, what did he understand by “divinity”? How did Jesus fit in with the views of Smuts on Personality? Smuts never wrote the intended Sequel to *Holism and Evolution*. It would of course be wrong to look for the theory of religion in the work of Smuts, to look for an overall picture of the phenomenon of religion which explains the origin and function of his work.

Beukes makes much of the influence of Margaret Clark and the Quakers on the ideas of Smuts, his friendship with Lady Moore and his infatuation with the Greek Princess Frederica, but no mention is made of the role his wife Isie played. On reading this book I could not help wondering whether Smuts was not a Freemason. His friend and contemporary Louis Botha was believed to have joined Freemasonry at Lodge Aurora, Pretoria in the 1890s. Beukes writes: “I would place the influence of Botha as the second most important force in his life” (p. 64).

Beukes has not identified all the new questions that need to be asked on re-reading Smuts. On the other hand, he has demonstrated that there is still a wealth of information which has to be examined and also re-examined. The value of the book lies mainly in the information provided by the published and unpublished letters and documents. This book injects new life into the Smuts debate and is firmly recommended.

A.P. DU TOIT  
University of Pretoria

ALBRECHT HAGEMANN  
*Südafrika und das “Dritte Reich”: rassenpolitische Affinität und machtpolitische Rivalität*  
Frankfurt: Campus Forschung  
1989  
381 pp.  
Prys nie vermeld nie

Hierdie boek is deur Hagemann, onder leiding van prof. Hans-Ulrich Wehler, een van die bekendste en produktiefste historici van Duitsland, aan die Universiteit Bielefeld as doktorsale proefskrif ingehandig. Wehler word gereken as die vader van die moderne Duitse geskiedskrywing in die vorm van “Historiese Sosiale Wetenskap”, ’n rigting wat deur sowat een derde van die Duitse historici aangehang word. Wehler, wat ’n Calvinis is, was ’n leerling van Theodor Schieder en skrywer van onder meer *Deutsche Gesellschaftsgeschichte* in vier bande en *Bismarck und der Imperialismus*, waarin na Suid- en Suidwes-Afrika verwys word. Die tema waarvoor Wehler self nie veel gewees het nie, naamlik die Unie van Suid-Afrika en die Derde Duitse Ryk in die Hitlerjare (1933-1945) met die Nazi-leer van die Nasionaal-Sosialisme, is deur Hagemann, wat Afrikaans aangeleer het, in Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en Oos- en Wes-Duitsland ondersoek.

Kyk ’n mens na die skrywer se bronne- en literatuurlys (pp. 357-381) staan jy verbaas oor die groot verskeidenheid bronne wat geraadpleeg is. Dit getuig van buitengewoon wye en deeglike ondersoek- en leeswerk. Waar dokumente in die Departement Buitelandse Sake in die R.S.A. vir die skrywer gesluit was,

kon inligting in die Duitse argiewe van Koblenz, Bonn, Bremen, Potsdam, en in Londen, Den Haag en ander stede aangevul word. Hoewel hierdie tema nog nie in Suid-Afrika behandel is nie, is in werk oor die Ossewa-Brandwag (O.B.), persoonlike herinneringe soos die van Oswald Pirow en J.F.J. van Rensburg, en in biografieë van onder andere genls. J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts, na die Duits-Suid-Afrikaanse betrekkinge gedurende 1933-1945 verwys.

Hagemann se werk gee 'n oorsigtelike beeld en verskaf "inwendige" inligting wat menige belangstellende sal verras oor die invloed wat die Nasionaal-Sosialisme op sommige Afrikaners en insonderheid op die O.B. gehad het. Dit stel nuwe kennis tot ons beskikking. Hagemann het 'n belangrike bydrae gelewer tot 'n begrip van die obskure verhoudings wat in die Hitler tyd tussen Nazi-Duitsland en persoonlikhede in die Unie van Suid-Afrika bestaan het. Op grond van sy bronne kon hy die vraag beantwoord of Apartheid 'n voortsetting was van Nazi-Duitsland se rassisme en anti-Joodse wetgewing, wat dikwels, tot vandag toe nog, deur wit en swart vyande van die R.S.A. aanvaar en ter wille van politieke gewin gepropageer word. Volgens Hagemann is sonder oortuigende bewyse aanvaar dat die Nasionaal-Sosialistiese rassepolitiek as voorbeeld vir die oplossing van die Suid-Afrikaanse rasseprobleme in die sin van 'n strenge rassiesekeiding gedien het. Dit maak sy tema aktueel.

Hagemann se werk bestaan uit vier ongelyke afdelings: in die inleidende deel behandel hy die bepalingsfaktore en determinante soos die histories-gegroeide Afrikaans-Britse teëstelling in 'n gedeeltelik gemoderniseerde land, en die tradisionele Duits-Suid-Afrikaanse betrekkinge en Duitse belange in suidelike Afrika. Die tweede afdeling beslaan vyf hoofstukke wat oor die vredesjare 1933-1939 handel waarin kultuurpolitieke maatreëls van die Nasionaal-Sosialiste, die vraagstuk van die Duitse minderheid in Suidwes-Afrika en die Duitse eksperte se oordeel oor die Suid-Afrikaanse rassiesekeidingspolitiek ter sprake kom, asmede die Afrikaners se anti-semitisme en anti-kommunisme en die Duitse instrumentalisering van die Afrikaners en Suid-Afrikaanse Duitsers in die belang van 'n gewaande Duitse invloed-sfeer. Die bilaterale handelsbetrekkinge kry in hoofstuk IV aandag. Die anti-Duitse boikot van Joodse kant, die Duitse behoefte aan grondstowwe soos wol, mangaanerts en industriële diamante en die Derde Ryk se begunstiging deur Oswald Pirow en genl. Hertzog, wat Duitsgesind was, deur byvoorbeeld spoorwegmateriaal en Junkervlieg tuie van Duitsland in te voer, word daarin behandel.

Die vyfde hoofstuk sluit die tweede afdeling af met die behandeling van botsende belange: Suid-Afrika het Afrika suid van die Sahara as sy invloed-sfeer beskou en was nie geneë om Suidwes-Afrika aan Duitsland terug te gee nie, hoewel die Hertzogregering eerder die terugkeer van Duitsland as 'n koloniale mag in Afrika sou wou sien as teenwig teen Frankryk se gelykstellingsbeleid. Dit kon verhinder dat swartes onder die wapen gebring word, wat moontlik 'n bedreiging vir die Unie kon inhou. Die Italiaanse inval in en verowering van Abessinië in 1935-1936, het egter 'n keerpunt in die houding van die Unie teenoor Duitse belangstelling in Midde-Afrika en Suidwes-Afrika gebring, wat op magpolitieke mededinging neerkom. Ook die kwessie van die Unie se neutraliteit op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog, word insiggewend behandel – veral wat die standpunte van Smuts en Hertzog betref. Terwyl laasgenoemde inkonsekwent was, het Smuts die inval in Tsjeggieslowakye en die Derde Ryk se eise oor die Duitse minderheid in Suidwes-Afrika ('n "tweede Sudetenland") as 'n *casus belli* gesien.

Hoofstuk V word opgevolg met 'n "Ekskursie" waarin determinante soos die groeiende Afrikanernasionalisme en sy verhouding tot die Nasionaal-Sosialisme ontleed word. Temas soos die Afrikaner-Broederbond, die ideologie van die Christelike nasionalisme, die Ossewa-Brandwag en die rol van intellektueles soos N. Diederichs, P.J. Meyer en J.F.J. van Rensburg as oortuigde Nasionaal-Sosialiste, dikwels met verrassende openbaringe en insigte wat vroeër vir die Suid-Afrikaners versluier was, ter sprake kom.

Die derde afdeling handel oor die Unie se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog en die Afrikanernasionaliste se stryd om 'n republiek daar te stel, die verbintenis tussen die Derde Ryk en leidende Afrikanernasionaliste, Smuts se kennis daarvan, die inligtingsdriehoek: Berlyn-Lourenço Marques-Ossewa-Brandwag en die Duitse gebrek aan belangstelling in 'n ontydige Afrikaner-opstand teen die Smuts-regering. Die Rykseksperte het gedurende 1940-1941 'n strategie van vredesopings en neutraliteit gevolg wat deur sowel Hertzog as Malan in die parlement voorgestel is, terwyl Robey Leibbrandt later gestuur is om met "Operasie Witdoring" saboterend en ondermynend op te tree. Hagemann behandel daarna die stryd tussen die H.N.P. en die O.B., en die Duitse kantskiesing vir laasgenoemde. Daar is gehoop dat Hertzog as bemiddelaar tussen Afrikanernasionalisme en Nasionaal-Sosialisme sou optree, maar dit het nie gebeur nie. Ook Pirow se betekenislose Nuwe Orde en Hertzog se onbeduidende Afrikanerparty kom ter sprake. Die boek sluit af met die verval en ondergang van die O.B. na 1942, wat 'n einde aan sy samewerking met die Derde Ryk gemaak het. Die skrywer vat sy bevindinge in tien besonder insiggewende bladsye saam. Dit is nie moontlik om 'n lang relaas van Hagemann se gevolgtrekkings te gee nie. Enkele punte verdien egter aandag.

Eerstens gaan dit nie bloot om diplomatieke verhoudinge nie, maar ook om 'n ontleding van die mentaliteits-, sosiale, politieke en kulturele toestande wat daarop ingewerk het.

Tweedens word gewys op die politieke opportuniste van leiers soos Hertzog, Malan, Pirow en Van Rensburg. Die inwendige politieke verhoudinge onder die Afrikaner-opposisie is bepaal deur die lotgevalle van die Derde Ryk se aanvanklike militêre suksesse en latere mislukkings. Uit anti-Britse gevoelens is deur die Afrikaner-opposisie gehoop dat Duitsland die oorlog sou wen, op grond waarvan 'n republiek uitgeroep sou kon word. Toe die Duitse kanses op sukses verdwyn het, het dr. Malan die demokrasie verdedig en die anti-parlementêre en pro-Nasionaal-Sosialistiese houding van die O.B. as on-Suid-Afrikaans en volksvreemd veroordeel. Pirow, Hertzog en Van Rensburg was egter oortuigde pro-Nasionaal-Sosialistiese leiers, wat die Afrikanerdom inwendig verdeel, en politieke binnegevegte tot gevolg gehad het. Dit het Smuts bevoordeel.

Derdens toon Hagemann aan dat enkele Afrikaner-intellektuele gedurende 1933-1939, asook gedurende die oorlogsjare, sodanige affiniteit met die Nasionaal-Sosialisme getoon het dat die Apartheidsbeleid van 1948 verdink is van 'n voortsetting van die Duitse rassisme te gewees het. Die Christelike Nasionalisme was weselik fascistes: die Unie was ná 1948 die enigste land ter wêreld waarin rassisme statutêr veranker is. Deur vergelyking en beredenering toon die skrywer die verskille tussen Afrikaner-nasionalisme en die Nasionaal-Sosialisme aan, en verwys na die berugte "Nürnberger Gesetzen" van 1935 teen die Duitse Jode, wat egter nie die inspirasiebron vir die Afrikaners se Verbod op Gemengde Huwelike van 1949 was nie.

Vierdens word dit uit Van Rensburg se geheime verbinding met Berlyn via Lourenço Marques duidelik dat hy bereid was om 'n "Tweede Rebelle" met 170 000 O.B.-lede teen Smuts te lei, indien die Derde Ryk militêr kon ingryp deur 'n ekspedisie of wapens te stuur, óf deur Suid-Rhodesië, óf langs die Weskus (p. 292). Sodanige hulp het nie gematerialiseer nie, behalwe vir die sending van Robey Leibbrandt wat Van Rensburg so arrogant behandel het dat hy sy bewegings aan Smuts se veiligheidspolisie laat rapporteer het om sodoende van hom ontslae te raak. Die O.B. het gestaan en geval met Duitsland se militêre mag.

Die dissertasie van dr. Hagemann is 'n deeglike stuk werk, wetenskaplik stewig verantwoord en objektief. Dit verryk ons kennis van 'n dramatiese maar ook tragiese tyd van Afrikanerverdeeldheid en V.P.-sukses. Dit verskaf 'n afdoende antwoord op die vraag of Apartheid 'n voortsetting van die Duitse Nasionaal-Sosialisme en rassisme was. Sy kernagtige bevinding oor die Duits-Afrikanerbetrekkinge is: "Rassepolitieke affiniteit en magpolitieke Wedywing".

F.A. VAN JAARVELD

JACKIE GROBLER

*A decisive Clash? A short History of black protest Politics in South Africa 1875-1976*

Pretoria: Acacia Books

1988

219 pp.

R24,00 (exclusive)

Dr. Jackie Grobler's, *A decisive Clash?* is one of the earlier of the recent publications providing short histories of the African National Congress and other black protest movements and biographies of their leaders. The research which forms the basis for this work is wider than that of any other publication of this nature which has appeared during the last few years. There are a few surprising omissions – Louis Grundlingh's thesis on blacks and the Second World War and Mirjana Roth's dissertation and thesis on the Natives Representative Council were apparently not consulted. But there must be few other works on the topic which reflect such wide reading of secondary sources. Moreover Grobler also cites and quotes from an impressive range of primary source material in repositories in South Africa and overseas. The author's aim was to provide "a short history of the shaping of Black political thought and organisations, and of the activities of Black politicians in and outside South Africa". Somewhat peculiarly, he goes on to state, that the book aims at providing "the uninformed reader with a brief introduction to this crucial development in South African history". What of the "informed reader"? Despite his wide reading and research, it is to be doubted whether Grobler provides much in the way of interpretation or insight that will be new to those readers who are reasonably acquainted with the literature of black protest politics in South Africa. The most that can reasonably be said is that Jackie Grobler has provided a fairly useful synthesis of historical writing on the topic.

But even within that framework, one has certain quibbles. In "A Note on Terminology" it is stressed that the term Blacks is used to denote Africans, Coloureds and Indians. The book's focus is, however, overwhelmingly on Africans. There are four brief references to Gandhi and not a single Indian is deemed to have been important enough to be included in the Biographical Notes (which Notes, are well compiled,



but the haphazard way in which they have been arranged, does not make them as easy to use as they might have been if the personalities had been listed alphabetically).

According to its title the book deals with the period 1875 to 1976. We are twice informed that 1875 was "the approximate birth year of Black political consciousness in South Africa". This statement is nowhere adequately explained nor is it clear why the year 1875 specifically should have been chosen.

Another reviewer considers that Grobler's strange statement about the Robben Island prison being situated in a region with a "healthy moderate climate" pretends to be objective, but appears apologetic. In fact it would seem to be a case of special pleading.

The book is written in language which is seldom gripping and which lapses at times into trite banalities. "The first few weeks of 1950 witnessed a number of nasty confrontations between urban Africans and the police", and "The South African government was *highly dissatisfied* with the militant political direction in which the ANC and other members of the Congress Alliance were moving in the 1950s".

This work is essentially a brief narrative history rather than an analytical study.

S.B. SPIES

*University of South Africa*

MARIUS, SWART, OTTO TERBLANCHE en THEO RAUTENBACH

*Die Piet Retief-monument en -feesterrein van Port Elizabeth, 1938-1990*

Port Elizabeth: Afrikaanse Kultuurraad van Port Elizabeth, Southeystraat 12, Adcockvale, Port Elizabeth, 6001

1990

96 pp.

R4,00 (inklusief)

ISBN 0-620-14971-X

Daar is historici wat van monumente en gedenkboeke daarvoor hou en daar is historici wat min erg aan monumente het en by voorbaat die wetenskaplike gehalte van gedenkboeke daarvoor bevaagteken. Laasgenoemde standpunt is nie heeltemal ongegrond nie, want hierdie publikasies word heel dikwels deur entoesiastiese en emosionele persone wat nie in die historiese metode geskool is nie, geskryf.

'n Treffende voorbeeld wat die teendeel bewys, is die gedenkboek oor die Piet Retief-monument in Port Elizabeth wat tydens die Republiekfees van 1990 in dié stad vrygestel is. Die outeurs is deeglik geskoolde vakmanne wat bowendien oor die vermoë beskik om historiese feite in 'n maklik verteerbare vorm aan te bied. Uit die inhoud van die publikasie is dit duidelik dat die outeurs – en by name Marius Swart – direk by die verskuiwing van die monument betrokke was. Dit gee aanleiding tot 'n "betrokkenheid" wat nie met subjektiwiteit verwar moet word nie.

Die boek begin met Piet Retief se verbintenis met Algoabaai. Te dikwels meen Suid-Afrikaners dat daar in Algoabaai weinig gebeur het voordat die Britse Setlaars in 1820 daar geland het. Duidelik word aangetoon dat die vroeë grondbesitters in hierdie omgewing veeboer pioniers was en dat die leningplaas Strandfontein reeds in 1814 op Piet Retief se naam geregistreer is. Van al die Trekkerleiers is Retief die sterkste met die breër Oos-Kaapse gebied en al sy mense, maar ook aan Port Elizabeth in die besonder, gebind.

Die tweede hoofstuk handel oor die oprigting van die Piet Retief-monument te Coega, waarvan die hoeksteenlegging op 16 Desember 1938 en die onthulling presies 'n jaar later plaasgevind het. Hierdie hoofstuk laat die leser opnuut beseft dat die predikante in daardie dae ware kultuurleiers was. Die name van leraars soos di. P.M. van Heerden, J.S. Gericke, en andere word telkens as komiteede of funksionaris tydens feesgeleenthede vermeld.

In hoofstukke drie word die volksfeeste by Coega beskryf. Die aard daarvan het gewissel. Daar was die politieke herenigingsfees van 1939, die jaarlikse Geloftefeeste en die Ossewa-Brandwagfeeste. Kleurryke figure soos adv. Oswald Pirow, dr. Hans van Rensburg, 'n jong adv. B.J. Vorster, ds. J.F. Naudé van Graaff-Reinet, dr. D.F. Malan en vele ander het daar opgetree.

Hoofstuk vier handel oor die tydperk 1942 tot 1974. Dit was 'n periode van insinking en onsekerheid omdat die terrein by Coega nie vir die hou van byeenkomste geskik was nie. Pogings om die monument na die stad te verskuif, het telkens vanweë finansiële redes misluk. Die behoefte om die monument nader na die stadsmens te bring, het egter gebly.

Die verskuiwing van die monument na Somerstrand, Port Elizabeth, het eers in 1975 'n werklikheid geword. Die aftakeling en heronthulling van die Retief-monument word in hoofstuk vyf beskryf. Die destydse Afrikaanse Skakelkomitee van Port Elizabeth was vir die verskuiwing verantwoordelik en name

soos Ben Olivier, Chris Vermaak en Marius Swart word telkens vermeld.

Die laaste hoofstuk handel oor die ontwikkeling van die Piet Retief-monumentterrein en beskryf onder meer die Groot Trek-Herdenkingsfeeste wat die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge en die Afrikaner Volkswag in 1988 by die monument gehou het.

Volgens die voorwoord moes die outeurs hulle navorsing en skryfwerk binne 'n relatief kort tydsbestek deurvoer. Hoewel voetnote en 'n bronnelys ontbreek, is die leser voortdurend daarvan bewus dat hierdie publikasie nie sonder deeglike navorsing geskryf kon gewees het nie. Dokumente van die verskillende komitees en rade wat met die oprigting en verskuiwing van die monument gemoeid was en die plaaslike koerant, *Die Oosterlig*, was kennelik die vernaamste bronne. Die gebruik van toepaslike illustratiewe materiaal soos kaarte en foto's verdien lof.

Hierdie keurige klein publikasie hoort op die rakke van diegene wat in volksfeeste, volksmonumente en die omgewing van Algoabaai geïnteresseerd is.

O.J.O. FERREIRA  
*Universiteit van Pretoria*

JOEL ROSENTHAL en COLIN RICHMOND (reds.)  
*People, Politics and Community in the Latter Middle Ages*  
Gloucester: Alan Sutton  
1987  
198 pp.  
R59,95 (eksklusief)

Die werk bestaan uit elf geselekteerde referate wat hoofsaaklik by 'n Amerikaanse kongres en 'n Britse simposium in 1985 en 1986 onderskeidelik voorgedra is.

Die temas fokus op uiteenlopende aspekte van die 15e eeuse Engelse samelewing. Die titel is dus misleidend. Volgens die voorwoord van die redakteurs is die identifikasie van die individu binne bepaalde samelewingsgroepe die draad wat aan die publikasie sy samehang verleen. Die leser word voor "... a series of case studies examining how fifteenth century men . . . in the midst of crises and of calm patches can be seen to move along what were to them particularized lines of force . . ." gestel.

Tematisering dek 'n wye spektrum. Daar word gekyk na die stukragte wat die loopbane van prominente individue bepaal het (Rosemary Hayes: *The Pre-Episcopal career of William Alnwick, Bishop of Norwich and Lincoln and Virginia Davis. William Waynflete and the Educational Revolution of the Fifteenth Century*), na gedragkodes van gildes (B.R. McRee: *Religious Gilds and Regulation of Behavior in Late Medieval Towns*), na beroepsmobiliteit by mindere staatsamptenare (C.W. Smith: *A Conflict of Interest? Chancery Clerks in Private Service*), na die adhesie in adelike en burgerlike huishoudings (R.G.K.A. Mertes: *The Household as a Religious Community*), na loopbaanvorming onder geleterdes (M. Bennett: *Careerism in Late Medieval England*) en die uiteenlopende wyses van regsbedinging (S.J. Payling: *Law and Arbitration in Nottinghamshire 1399-1461*). Ontmitologisering – die inding in Suid-Afrikaanse historiografie – kom ook aan die beurt met ondersoeke na tydgenootlike betragtings oor die herkoms van die Skotte (Marjorie Drexler: *Fluid Prejudice: Scottish Origin Myths in the Later Middle Ages*), na 'n noord-Engelse rewolusie (I. Arthurson: *The Rising of 1497: A Revolt of the Peasantry?*) en na 'n aspek van die Rose-Oorlog (J.L. Gillespie: *Cheshireman at Blore Heath: A Swan Dive*). Ten slotte word koninklike motiewe vir die toekenning van kerkgifte betrag (J.T. Rosenthal: *Kings, Continuity and Ecclesiastical Benefaction in 15th Century England*).

Hierdie samevatting laat kwalik reg geskied aan die uiteenlopende perspektiewe wat die afsonderlike bydraes maak, te meer as die beperkinge wat die chronologiese en ruimtelike omlyning van die sentrale tematiek stel in aanmerking geneem word. Die gevestigde vertrekpunt dat die 15e eeu een van "general crisis in law and order" was waarmee veral na regeringstrukture verwys word, is in die bundel ter syde gestel ten gunste van loergaatjies op ander samelewingstrata.

Al die artikels is nie ewe leesbaar nie. Bennett ontleed 'n verskeidenheid faktore wat loopbaanmobiliteit in die hand gewerk het. Die aftakeling van gevestigde klasse- en onderwysgrense wat tot algemene sosiale opheffing aanleiding gegee het, staan hierin sentraal.

McRee bied 'n boeiende oorsig oor dissiplinêre standnunte van 'n minder bekende gildestelsel en kom met oortuigende verklarings voor 'n dag vir die wesenlike oogmerke van 'n formele dissiplinêre kode in 'n reeds gereguleerde samelewingsverskynsel.

Mertes se ontleding van die formele en werklike rol van godsdiensoorskrifte vir die huishouding van 'n groep gegoede families en gesinne val in dieselfde kategorie.

In sy bydrae wys Smith op die toenemende aanvraag vir opgeleide boekhouers na mate die grootadel se

toenemende welvaart beter finansiële regulering vereis het.

Die artikel van Drexler staan op die oog af enigsins los van die res van die bydraes, maar word in konteks gebring deur die heersende mitologie oor die herkoms van die Skotse volk te koppel aan die wedersydse aansprake van die Skotse en Engelse konings op mekaar se trone teen die 15e eeu.

In 'n publikasie waarin nuwe perspektiewe op die laat-middeleeue in Engeland blootgelê word, is dit paslik dat die enigste bydrae wat om die optrede van konings wentel, die van Rosenthal, die klem laat val op 'n kontinuïteitsfaktor, naamlik die van voortgesette steun aan kerklike instellings. Ook onderskei hy nie opvallende nuwe motiewe in die gebruik nie.

Minder belangwekkend, maar steeds leesbaar en van hoë gehalte, is die bydraes van Davis en Hayes. Hulle biografieë is van twee biskoppe wat langs verskillende weë tot hoë poste gevorder het – die een deur opportunisme en die ander deur sy talente.

Dit bring ons by die artikels van Arthurson en Gillespie. Beide boet belangwekkendheid in deur onduidelike tema-identifikasie en onbevredigende argumentasie. Die mees blywende indruk is dat al wat die twee artikels kortkom om in skolasieke vergetelheid te verval, is dat hulle in Latyn geskryf moes gewees het.

Die werk in sy geheel is vir die spesialis bedoel en ook hý sal moeilik kan ontkom aan die gevoel van agterstand wat ons in Suid-Afrika vergeleke met die V.S.A. ten opsigte van Middeleeuse studies het.

G.N. VAN DEN BERGH

*Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.*

#### JOHN BOSCO

*Memoirs of the Oratory of Saint Francis de Sales from 1815 to 1855: the Autobiography of Saint John Bosco* (Translated by Daniel Lyons (SDB), with notes and commentary by Eugenio Ceria (SDB), Laurence Castelvecchi (SDB) and Michael Mendl (SDB))

New York: Don Bosco Publications

1989

\$24,95 or \$29,95 (deluxe edition) (exclusive)

John Bosco is one of the more modern saints of the Roman Catholic Church. Having lived through the greater part of the nineteenth century, he was declared a saint in 1934. He is more popularly known as Don Bosco, "Don" being the Italian title of respect for a priest from the Latin "dominus", sir or mister.

A number of biographies have been written in, or translated into, English, but the present *Memoirs*, or *Autobiography*, is the first English translation of Don Bosco's work itself. He wrote many books on all sorts of topics, but he never intended to write an autobiography. He kept no diary or journal. It was his friend, Pope Pius IX, who requested him to write an account of his life and work, and especially of the dreams that guided him, all this as an inspiration for his followers. Because of work, lack of time and his humility Don Bosco did not take the request too seriously; but when the request became a command he acted. Even then he intended these words only for his beloved Salesians and forbade them to be published. As could have been expected, other reasons were found to annul this prohibition, and so we have the present publication.

The autobiography is a short work and ends only two-thirds through the story. Apparently, Don Bosco thought he had fulfilled the pope's order and laid a sufficient foundation for the spirituality and ideology of future Salesians.

John's story begins in a small village in Piedmont, which was then part of the Kingdom of Sardinia. His later life and work would be in the great city of Turin. He was the youngest of three children in a very religious family. His mother was to play a big part in his life and work for years to come. John's early education was fraught with difficulties, especially from the part of his eldest brother, who did not put much stock in learning. The saint's extraordinary power of memory soon became a great advantage to him. He developed an ability in athletics and acrobatics, which would serve him well in his later work. One will notice a certain rigorism in John's moral and ascetical outlook, both for himself and for those he soon began to direct. He was a man of his times. Piedmont was next to France and it had been strongly influenced by the Jansenistic rigorism from this country. Again, he was not an ecumenist in the modern sense of this term. His attitudes towards Judaism and Waldensian Protestantism must be viewed against the backdrop of time and places.

However, the strongest feature of the autobiography is John Bosco's charism for drawing youth together around him and his leadership ability. This appeared already in his early youth, it strengthened during his adolescence and seminary years and came to full fruition in his early days as a priest. In all this

John was led by a series of divinely inspired dreams, the first occurring when he was about ten years old. As it developed, he called his work, the work of the "oratory", a term already used by St Philip Neri three hundred years before. It indicates a place and an apostolate where the youth could gather on Sundays and feast days for Mass, confession, communion, preaching and catechism. To make this spiritual program attractive John added such features as games, outings, schooling, an employment service, and a hostel. To find a stable place for all this activity and the increasing numbers was very difficult. The oratory was forced to move from place to place until it found a permanent place in the Pinardi house.

Those were stormy days in the history of Piedmont and the other small states in pre-united Italy. Don Bosco and his work did not escape the political consequences, even physical attacks. He had both friends and enemies in high places and sometimes lacked the support of even Church authorities, as when he was trying to publish his *Catholic Readings*.

The *Memoirs* end here with the establishment of the oratory, properly named the Oratory of St Francis de Sales (Don Bosco chose this patron because he best exemplified the "gentle method" that he himself wanted to follow). Don Bosco is on the eve of the foundation of the Salesian religious congregation, which would carry on his work and ideas. Only hints of this are contained in the *Memoirs*.

Usually when Don Bosco was writing for publication he did a lot of revising and correcting. This is not true of the *Memoirs*, because he never intended its general publication. There are errors in spelling, dates, names and chronological order. The saint's once powerful memory seems to have been weakening. Episodes are missing which we now would consider very important. The style, however, is simple and direct. It contains the raw authentic thought of the saint himself as he looks back over his life and work. The natural flaws of the saint's text are more than compensated for by the copious notes and commentary by others. Drawing from outside sources they correct, supply details and episodes and explain the many historical persons and facts. It should be noted that the introduction, notes, commentary and prologue take up well over half of the present volume.

Who might gain from reading the *Memoirs*? First or all, the Salesians themselves will find here their founder's true thought and spirit. Secondly anyone, Catholic or Protestant, who is trying to put deeper spirituality and purpose into his or her life will find in this book how one man did it. Church historians and those interested in 19th century Italy will find much information in the allusions of Don Bosco and especially in the notes and commentary. Educators will find in Don Bosco's program some rather modern principles of education. His "preventive method", which begins to take form even in his early years, is of special interest and is at the heart of the Salesian system. This means that it is better to remove temptations and distractions and try to maintain a person on the correct path, rather than allow him to sink into the mire and then try to extract him. Finally anyone interested in Church-State relations and who may wonder about a clergyman's role in politics will see in the *Memoirs* how Don Bosco, who wanted no part of partisan politics, nevertheless became very involved in order to uphold the common good, social justice and Gospel values.

HOWARD H. HUDEPOHL, OFM  
St John Vianney Seminary, Pretoria

S.A. LAPRÉ

*Nederlands-Indië 1940-1950 in kort Bestek, en enkele Gevolgen, o.a. de Coup-Westerling en het Zuidmolukse Verzet*

Ermelo, Nederland: Eie uitgawe

1989

224 pp.

Prys nie vermeld nie

Oudofficier van het Koninklijk Nederlands-Indische Leger (K.N.I.L.) S.A. Lapré heeft *Nederlands-Indië 1940-1950* gepubliceerd om een beknopt overzicht van de politieke en militaire gebeurtenissen in de verwarde jaren tussen de Duitse bezetting van Nederland in mei 1940 en de soevereiniteitsoverdracht door Nederland aan de Republiek Indonesië in 1950 en andere deelstaten in Oost-Indië te geven. In december 1941 brak oorlog met Japan uit en in maart 1942 capituleerde Nederlands Oost-Indië en begon de wrede Japanse bezetting. Deze eindigde met de capitulatie van Japan op 15 augustus 1945, gevolgd door uitroeping van de Republiek Indonesië op 17 augustus 1945. Kort daarna kwamen de Indonesische nationalistes in opstand tegen de vreemde militairen in Oost-Indië: Japanners, Britten en Nederlanders. De tijd van terrorisme der Indonesische zogenaamde vrijheidsvechters, de bersiap, in 1945-46 werd gevolgd door een tijdperk van onderhandelingen tussen Nederland en de Republiek en sluipoorlog (guerrilla) der nationalistes, tegen-guerrilla en enige grote acties der Nederlanders. Deze tijd werd beëindigd met de overdracht

van de soevereiniteit dood Nederland in december 1949.

Lapré bespreekt het naspel daarvan, dat bestaat uit de mislukte aanslag door Westerling op Bandoeng en de likwidatie van de federatie door de Republiek Indonesië met oorlog op de Zuid-Molukken in 1950-51, maar niet de strijd om West-Nieuw-Guinea, welke eindigde met afstand daarvan door Nederland in 1962.

De geschiedenis van deze dekolonisatie met likwidatie van het blanke gezag is leerrijk, ook voor Zuid-Afrika. Hier is veel aanleiding voor vergelijkende geschiedbeschouwing. Ook in Zuid-Afrika heeft de blanke minderheid jarenlang strijd gevoerd tegen gewapend verzet van gekleurde inheemsen en daarin succes behaald. Ook hier is dat verzet van buiten Zuid-Afrika gesteund, vooral met sancties of dreigementen daarmee door vele en invloedrijke landen, zoals de V.S.A. en Brittannië. Ook hier heeft het blanke bewind daarom toegegeven en in Zuidwest-Afrika de soevereiniteit reeds aan gekleurden overgedragen en een begin gemaakt met overdracht van soevereiniteit aan zwarten in de Republiek Zuid-Afrika. De meeste blanken willen hier machtsdeling met zwarten – zoals de Nederlandse regering dat met de Republiek Indonesië beoogde – maar machtsdeling zal onvermijdelijk leiden tot machtsovername door een zwarte regering.

Ook in Zuid-Afrika is irredentisme te verwachten. Dat is “het streven naar hereniging van die delen van een volksgemeenschap (in Indonesië en andere voormalige koloniën naar hereniging van alle gebieden onder koloniale heerschappij) . . . met het moederland”. De grootste partij van Namibië (voorheen Zuidwest-Afrika) eist nu al Walvisbaai van de Republiek Zuid-Afrika op. De zwarte regering der Republiek zal streven naar een eenheidsstaat, Azania genoemd, en waarschijnlijk de nu onafhankelijke zwarte staten, afgescheiden van de Republiek, goedschiks of kwaadschiks willen inlijven.

De blanke minderheid in Zuid-Afrika is de grootste en economisch sterkste van alle minderheden in voormalige koloniën, maar evenals in Indonesië zal de regering van gekleurden streven naar verkleining van de blanke economische macht, onder meer door nationalisatie van ondernemingen. In 1957 ont-eigende de Republiek Indonesië alle Nederlandse eigendommen.

In de boven toegepaste vergelijkende geschiedbeschouwing zijn er niet alleen overeenkomsten, maar altijd ook verschillen. Zo een verschil is, dat in Oost-Indië de blanken een kleine minderheid van tegen 1/4 miljoen waren, die merendeels naar hun Westers land van herkomst zijn teruggekeerd, evenals in andere ontvoogde koloniën, terwijl in Zuid-Afrika tegen 5 miljoen blanken wonen – de grootste blanke minderheid in alle Westerse kolonies. Zij hebben geen land van herkomst meer om uit te wijken en verreweg de meeste van hen moeten blijven en zich onderwerpen of in het heimelijk verzet gaan.

De volgende opmerkingen van Lapré verdienen bijzondere aandacht:

1. Westerlingen, onder wie Nederlanders, hebben voor 1941 Japans militaire macht zeer onderschat ondanks de Japanse militaire successen in China 1931-41. Slechts weinige Westerlingen wisten beter, maar zij zwegen.
2. De Nederlandse strijdmacht in Oost-Indië was, uitgezonderd de vloot, kwalitatief en kwantitatief heel zwak, met weinig en verouderd materieel. Het K.N.I.L. was met alle respect voor zijn dapperheid, meer een politieleger om tegen inheemsen op te treden dan een modern uitgerust en geschoold leger en volstrekt niet tegen de Japanners opgewassen. De schuld ligt bij het regerings-beleid van ontwapening (gebroken gewoontje) in de jaren '30.
3. Lapré schetst het verloop van de strijd tegen Japan in 1941-1942. Ik merk hierbij overeenkomsten op met de verovering van Oost-Indië door een Britse strijdmacht in 1812. Het zou belangwekkend zijn om de twee veroveringen te vergelijken. Reeds in 1916 heeft een Nederlands officier gepubliceerd, dat Oost-Indië te uitgestrekt is om door een kleine strijdmacht zoals de Nederlandse te worden verdedigd. (Vgl. C. van Heeckeren, “De verdediging van Nederlandsch Indië”, in *De Militaire Spectator*, 1916 – niet toevallig midden in Wereldoorlog I gepubliceerd.)
4. Lapré geeft een overzicht van de sluiпоoorlog (guerrilla) tegen Japan, die overal, behalve op West-Nieuw-Guinea, waar Jungle-Pimpernel ageerde, onderdrukt is. Lapré vermeldt op p. 69, dat de later bekende Zuid-Afrikaan Laurens van der Post als Brits officier sluiпоoorlog op Java zou organiseren, maar zich in april 1942 aan de Japanners heeft overgegeven. Hij zwijgt over de zeer omstreden houding van Van der Post tijdens de Japanse bezetting.
5. Volgens Lapré hebben de Britten bewerkt, dat kort voor de Japans capitulatie op 15 augustus 1945 de bevrijding van Oost-Indië door de strijdmacht van de V.S.A. aan de Britten is overgedragen, hoewel de Noord-Amerikanen de vereiste strijdmacht daarvoor hadden en de Britten niet. De opperbevelhebber der V.S.A. MacArthur verwachtte daarop ernstige moeilijkheden en terecht. De feiten zijn bekend. Na de capitulatie van Japan is op 17 augustus 1945 de Republiek Indonesië op Java uitgeroepen. Deze had voorlopig weinig of geen gezag en er ontstond een gezagsleemte, evenals in Frans Indo-China na de Japanse bezetting aldaar. De Britse troepen hebben in Indo-China en op Sumatra en de Australiërs hebben in Oost-Indonesië met Japanse hulp in 1945 de gezagsleemte gevuld en rust en veiligheid

hersteld. Zij faalden op Java, waar vele krijgsgevangenen en de meeste niet-militairen in Japanse kampen verbleven. Op Java was de Britse houding jegens de nieuwe Republiek uiterst dubbelzinnig. Lapré verwijst naar de radiore van luitenant-generaal Philip Christenson vanuit Singapoer op 27 september 1945, waarin hij in feite de Republiek Indonesië erkende. Op 1 oktober 1945 volgde de oorlogsverklaring door de Republiek aan de Nederlanders. Vandaar de fel anti-Britse stemming onder vele Nederlanders uit Oost-Indië, ook thans nog.

6. De Britten kregen echter van de Indonesische nationalisten de rekening gepresenteerd. Dezen vielen niet alleen Nederlanders in en buiten de kampen aan, maar alle vreemde militairen, Japanners, Nederlanders en ook Britten. Ook laatstgenoemden moesten hard terugvechten en verloren daarbij vele militairen.
7. Ook in Frans Indo-China terroriseerden nationalisten de blanken in en buiten Japanse interneringskampen, maar daar dwong de Britse bevelhebber de Japanners om tegen de terroristen op te treden. De tijd van terrorisme was daardoor kort (Lapré, p. 101).
8. Dadelijk na de Japanse capitulatie hebben K.N.I.L.-manschappen, uit de kampen vrijgekomen, de wapens opgenomen, voorzover zij nog capabel ware en weerlozen in en buiten kampen dapper beschermd tegen terroristen. De Britten hebben eerst in december 1945 toegelaten, dat Nederlandse troepen van buiten Oost-Indië zijn geland om de militaire taak van de Britten over te nemen.
9. Lapré schrijft op p. 145 voor hen die twijfelen aan de zin en doelmatigheid van het Nederlandse militaire optreden in Oost-Indië in 1945-1950, dat zij velen het leven hebben gered en de kwijnende landseconomie door rust en orde te stichten weer op gang hebben gebracht.
10. Lapré schetst in zijn laatste hoofdstuk het naspel van de soevereiniteitsoverdracht door Nederland aan de federatie van Indonesië, naamlijk de mislukte aanslag van kapitein R.P.P. Westerling op Bandoeng ter stichting van een republiek Pasoenda op West-Java en de oorlog van de Molukkers tegen de Republiek van Java in 1950-51. De Nederlanders stichtten in 1949 een federatie, maar zodra zij hun troepen uit Indonesië terugtrokken annexeerde de Republiek van Java de andere deelstaten goed-schiks of kwaadschiks. De Molukkers verzetten zich heldhaftig, maar dolven het onderspit. De wereld nam geen notitie van hen. Evenmin van de annexatie van West-Nieuw-Guinea door Indonesië in 1969 na een twijfelachtige volksstemming . . .
11. De antiguerrilla of tegen-sluipoorlog – De Nederlandse strijdmacht heeft de sluiipoorlog niet alleen militair bestreden, maar ook humanitair met verstrekking van voedsel en medische hulp aan de inheemse bevolking om deze aan Nederlandse kant te krijgen. Daarom trachtten de Republikeinen dit welzijnswerk te verhinderen. De strijdmacht der Republiek Zuid-Afrika heeft deze hulp ook gegeven aan de bevolking van Zuidwest-Afrika in haar strijd tegen S.W.A.P.O.

Lapré ontkent op p. 164, dat de Nederlandse militairen hele dorpen hebben vernietigd, zoals Noord-Amerikanen naar bewering met My Lai in Vietnam hebben gedaan. Hij schrijft: "Excessen over en weer uit wraak waren er echt wel", onder meer bij "hard verhoor" om inlichtingen te krijgen, zoals bij sluiipoorlog veel voorkomt.

Het is verheugend, dat spoedig na de afstand van West-Nieuw-Guinea door Nederland in 1962 de slagboom van bloed en bitterheid tussen Nederlanders en Indonesiërs is verdwenen en dat vriendschappen tussen hen zijn gesloten of hernieuwd. Koningin Juliana en Prins Bernhard zijn in 1971 in Indonesië met oprechte hartelijkheid verwelkomd.

## C. DE JONG